**Die volmag van die Seun (OP216)**

**Joh 5:16-30**

**13 April 2025**

Laasweek het ons gekyk na die genesing van die man by die bad van Betesda. Ons het gesien sy situasie was hopeloos. Realisties gesproke het hy geen hoop op beterskap gehad nie – nie net kon hy homself nie help nie, hy het ook nie iemand anders gehad wat hom kon help om betyds in die water te kom nie. Sonde was die oorsaak van sy hopelose situasie, en hy kon maar net die verwagting hê dat dit selfs nog erger sal raak – immers gaan hy die oordeelsdag tegemoet. Maar dan daag die Here Jesus op – heeltemal onverwags. Hy kies hierdie man tussen al die ander siek mense en maak hom gesond deur net 'n woord te spreek. Die Here Jesus red Hom soewerein. Maar: die man moes ook opstaan, sy slaapmat optel en loop – hy het dus ook 'n verantwoordelikheid gehad. Hierdie fisiese genesing van die man is 'n afbeelding van hoe die Here Jesus mense geestelik red – hoe Hy die hopelose situasie van 'n sondegevalle mens soewerein kan verander na 'n hoopvolle lewe in afwagting op die ewige heerlikheid.

Die Here Jesus het hierdie man op 'n sabbatdag genees. Al was die Jode ontsteld daaroor dat Hy dit op 'n sabbatdag gedoen het, het ons gesien hierdie genesing was deel van die Here Jesus se verlossingswerk. Alhoewel Hy en die Vader sedert Gen 2 rus van hulle skeppingswerk, werk Hulle sedert Gen 3 aan hulle verlossingswerk. Verlossingswerk is nie oortreding van die sabbatsgebod nie. Die sabbatsgebod se doel is dat ons rus van ons daaglikse werk, maar dat ons ook terselfdertyd die dag gebruik om enersyds terug te dink aan God se skeppingswerk, maar andersyds om ook vooruit te kyk na die rus wat Sy verlossingswerk tot gevolg gaan hê. Dit is ook nie 'n oortreding van die sabbatsgebod as ons op die sewende dag werk doen as medewerkers in die Here se verlossingswerk nie.

Vandag wil ek begin aandag gee aan die gedeelte in Joh 5 waar die volmag van die Here Jesus beskryf word, of as jy dit anders wil uitdruk, waar vir ons verduidelik word waar die gesag van die Here Jesus vandaan kom. Kan ek jou net kortliks herinner aan wat ons tot dusver al in die Johannes-evangelie gelees het wat die Here Jesus gedoen het: Hy het al verskeie tekens gedoen: Hy het water in wyn verander, Hy het die koninklike amptenaar se seun gesond gemaak, en sopas het Hy die man by die bad van Betesda genees. Verder het ons ook al gesien hoe die Here Jesus die tempel gereinig het. Hy het al die uitspraak gemaak dat die oes wit staan op die lande. En sopas het Hy die Jode se verstaan van die sabbatsgebod bevraagteken. Natuurlik het dit alles die Jode se aandag getrek, en baie van hierdie dinge het hulle ontstel. Maar die uitspraak van die Here Jesus in Joh 5:17 dat Sy Vader tot nou toe aan die werk is, en dat Hy ook aan die werk is, het hulle nog meer ontstel. Hulle het hierdie stelling geïnterpreteer dat dit sou impliseer dat die Here Jesus Homself gelykgestel het aan die Vader (v18). Immers het Hy na God die Vader verwys as "My Vader" – dus het Hy en die Vader 'n besondere intieme band. En Hy het ook gesê Hy werk soos die Vader, wat sekerlik moet beteken Hy en die Vader werk saam. Daarom was hulle oortuig Hy bedoel Hy en die Vader is gelyk, d.w.s. die Here Jesus bedoel Hy is ook God, soos wat die Vader God is.

Vir die Jode was dit net te erg. Geliefdes, ons is waarskynlik almal bekend met die feit dat God die Drie-Enige God is. Maar ons moet so 'n bietjie simpatie met die Jode hê: Hulle het net die Ou Testament gehad – en as mens net die Ou Testament het, is dit nie so eenvoudig om te verstaan dat God Drie Persone in Een is nie. Ja, die aanduidings is daar, maar dit help as mens dit lees vanuit die Nuwe Testament, wat hulle nie gehad het nie. Onthou die woorde van die sogenaamde sjema in Deut 6:4 wat die Jode vas geglo het en waaraan hulle hulleself gedurig herinner het: "Luister, Israel,

die Here is ons God, die Here alleen" (2020 DAV) of "Die Here ons God is 'n enige Here" (1953 OAV). Hulle was oortuig, hulle was ernstig daaroor, en met reg so: daar is net een God, en dit is die Here, die God van Israel. Daarom is dit wat hulle aanbetref Godslasterlik as die Here Jesus Homself gelykstel met die Vader, en daarom het hulle nog harder probeer om Hom dood te maak.

Dit alles het egter aanleiding gegee dat die Here Jesus hierop gereageer het deur 'n diepgaande stuk lering wat vir ons in Joh 5:19-30 opgeteken is. In hierdie lering verduidelik Hy waarom Hy mag doen wat Hy doen, hy verduidelik aan hulle, en ons, waar Sy gesag vandaan kom, Hy verduidelik waar Sy volmag vandaan kom wat Hom die bevoegdheid gee om al hierdie dinge te mag doen. Natuurlik is dit ook vir ons kosbare lering om meer van die Here Jesus te leer. Onthou verder dat Johannes se doel met sy evangelie is onder andere om ons te oortuig dat die Here Jesus die Seun van God is. Ons kan verwag dat hierdie lering van die Here Jesus ons baie gaan leer om dit beter te verstaan. Weereens vind ek baie aanklank by Mark Johnston se beskrywing hieroor, en ek maak ruim van sy insig gebruik. Ek wil Joh 5:19-30 onder die volgende drie punte oordink: (1) Die volmag van die Here Jesus (v19-22, 26-27, 30), (2) Die respons wat die Here Jesus waardig is (v23-24), (3) Die beloftes wat die Here Jesus maak (v24-25, 28-29).

<u>Die volmag van die Here Jesus (v19-22, 26-27, 30)</u>

Lees Joh 5:19-22. Soos ons gesien het was die Jode ontsteld omdat die Here Jesus Homself gelykgestel het aan die Vader. Hulle was oortuig daar is net een God, en hulle was ook oortuig die Here Jesus was nie daardie God nie, en daarom was Jesus volgens hulle nie God nie. As Hy sou redeneer dat Hy wel God is, dan voel hulle dit moet ten minste beteken dat Hy in kompetisie is met God om God te wees. Maar bloot die feit dat Hy te kenne wil gee Hy is gelyk met God, is volgens hulle Godslasterlik.

Die Here Jesus se lering oor die saak begin in vers 19 met die woorde "Amen, amen", en dit word herhaal in 24 en 25 – die Here Jesus het sekerlik geweet hierdie is 'n moeilike saak om te begryp – en daarom plaas Hy herhaaldelik klem daarop dat wat Hy nou leer, is inderdaad die waarheid – hulle en ons moet hierdie lering ernstig opneem.

Die eerste saak waarop die Here Jesus klem laat val, is dat Hy en die Vader hoegenaamd nie in kompetisie is met mekaar nie. Hy verduidelik dat Hy en God die Vader in 'n unieke en intieme verhouding met mekaar staan – dit is 'n Vader-Seun verhouding. Maar let nou op hoe die Here Jesus die implikasies hiervan verder verduidelik:

- In v20 verduidelik die Here Jesus wat die basis is vir die Vader-Seun verhouding tussen Hom en die Vader: Die Vader het die Seun lief (natuurlik is dit ook wederkerige liefde: Die Seun het ook die Vader lief, maar dit is nie nou hier die punt nie). Natuurlik was dit iets waarmee die Jode vertroud moes wees – immers het aardse pa's tipies hulle seuns lief. Ja, daar is sekerlik uitsonderings, maar as 'n reël het pa's hulle seuns lief. Maar die Jode was met meer as dit vertroud: hulle was tog ook vertroud met die liefde van God die Vader. Hulle moes tog ook erken die liefde van God die Vader is uniek. Dit is tog oor en oor bewys in die geskiedenis van die Joodse volk as God se uitverkore verbondsvolk. Nie net het Hy hulle Sy volk gemaak nie, Hy het hulle lief gehad. Hy het groot beloftes aan hulle gemaak, Hy het hulle geleer wat Hy van hulle verwag, Hy het hulle versorg en bewaar, ja, Hy het hulle ook tereggewys as hulle afdwaal, maar dit is alles uitdrukkings van Sy liefde. Hulle het geweet: God is liefde. En die Here Jesus redeneer dit is ook die basis van die Vader-Seun verhouding tussen Hom en die Vader.

- Hierdie liefde van die Vader vir die Seun is egter so intens en diepgaande, die Vader wys alles wat Hy doen aan die Seun (v20). Natuurlik is dit ook iets waarmee die Jode, en ons, kan identifiseer. Dit is tog net so dat in ‘n gesonde liefdesverhouding tussen ‘n aardse pa en sy seun, leer die seun van sy pa. Hy leer van dit wat sy pa doen, hy leer hoe sy pa dit doen, hy leer selfs hoekom sy pa dit doen, hy leer waarheen sy pa besig is om te werk. En die Here Jesus se punt is: Dit is ook waar van Hom as Seun van Sy Vader. Sy Vader wys Hom alles waarmee Hy besig is. Daar is nie geheime tussen Hom en die Vader nie. Hy weet wat Sy Vader doen, Hy weet hoe Sy Vader dit doen, Hy weet hoekom Sy Vader dit doen, Hy weet waarheen Sy Vader besig is om te werk.
- V19 verduidelik dat die Here Jesus nie net bewus is van wat Sy Vader doen nie, nee, Hy is ‘n medewerker van Sy Vader. Hy kyk nie van ‘n afstand na wat Sy Vader doen nie – Hy is aktief betrokke. En let op die harmonie tussen Hom en die Vader: Die Seun doen niks uit Sy eie nie – Hy doen net wat die Vader doen. Hy doen dit netsoos wat die Vader doen. En die Vader wys aan die Seun alles wat Hy doen (v20). Hier is nie kompetisie tussen die Vader en die Seun nie. Nee, hier is perfekte harmonie: Die Vader wys alles wat Hy doen aan die Seun, en die Seun doen alles netsoos wat die Vader doen. Wat die Here Jesus dus aan die Jode, en ons, verduidelik is dat al Sy handelinge tot dusver (d.w.s. die wondertekens, die reiniging van die tempel, Sy uitsprake oor die wit oes op die lande of oor die sabbatdag), is in perfekte harmonie met wat God die Vader mee besig is.
- Maar dan lees ons in v20 die volgende: Die Vader gaan aan die Seun nog groter dade wys as wat tot nou toe die geval was – en kom ons wees eerlik: die Seun het al groot dinge gedoen. En ons kan aanneem die Seun gaan aktief deelneem aan hierdie groter dade. En wanneer Hy hierdie groter dade gaan doen, gaan die Jode, en ons, eenvoudig verwonderd staan. Die vraag is natuurlik: Wat is hierdie groter dade waarna die Here Jesus verwys? Wel, v21-22 verduidelik vir ons wat hierdie dade is:
    - V21: Soos die Vader dooies opwek en lewend maak, so maak die Seun ook lewend wie Hy wil.
    - V22: Die Vader oordeel oor niemand nie, maar het die volle oordeel aan die Seun oorgegee.

  Die groter dade wat die Vader aan die Seun gaan wys, die groter dade waarby die Seun aktief betrokke gaan wees in harmonie met die Vader se wil, is: Om dooies op te wek en lewend te maak, en om te oordeel. Dink mooi hieroor: Om dooies op te wek tot die lewe en om te oordeel is twee unieke verantwoordelikhede wat slegs God instaat is om te doen. Die skeppingsgebeure het al gewys God is die bron van lewe – fisiese lewe. Maar hier gaan dit oor meer: dit gaan daaroor om sondegevalle, geestelike dooie mense lewend te maak. Dit is net God wat dit kan doen – die Here Jesus het dit sopas gedemonstreer met die fisiese genesing van die man by die bad van Betesda wat ‘n afbeelding is van hoe Hy geestelike dooie mense lewend gaan maak. Dieselfde met die oordeel: Dit is net God wat kan oordeel. Hy is die enigste Een wat die basis waarvolgens geoordeel gaan word, gedefinieer het, en Hy is die Enigste Een wat regverdig daarvolgens kan oordeel. En die Jode het dit geweet – dit was in die Ou Testament al duidelik. In Deut 32:39 lees ons al: “Sien tog in dat Ek, ja, Ek die Een is; daar is geen God naas My nie. Ek maak dood en Ek maak lewend; Ek verpletter, ja, Ek maak gesond, en niemand red uit My hand nie.” Netso, in Gen 18:25 het Abraham al vir die regverdiges in Sodom ingetree deur te bid: “U sal tog nooit so iets doen nie – om regverdiges saam met goddeloses te laat sterf, asof regverdiges soos goddeloses is! U sal tog nooit! Sal die regter van die hele aarde dan nie reg laat geskied nie?” Om dooies lewend te maak en om te oordeel, is twee unieke dade wat net God kan doen. Dit was in die Ou Testament al

duidelik. Dit moes selfs vir die Jode al duidelik gewees het. En die Here Jesus se punt is, dat die Vader hierdie unieke dade of verantwoordelikhede aan die Seun gewys het, en die Seun daarby betrek het. Die Vader gaan op 'n unieke manier lewe uit die dood bewerk – en Hy gaan dit juis deur Sy Seun doen. En boonop het die Vader ook die volle oordeel aan Sy Seun oorgedra. Sien jy dit? Met Jesus se eerste koms is Sy fokus grotendeels op die bewerking van lewe uit die dood, en met Jesus se tweede koms sal Sy fokus grotendeels wees op oordeel. En die mense sal dit sien, en hulle sal verwonderd staan. Maar beide verantwoordelikhede is aan Hom gegee deur die Vader. En beide verantwoordelikhede is verantwoordelikhede wat net God kan doen. Daarom moet die Here Jesus God wees.

Lees Joh 5:26-27. Dit bevestig wat ons sopas gesê het. Lees Joh 5:30. Dit bevestig ook wat ons sopas gesê het.

Onthou die vraag waaroor ons besin: Waar kom die volmag of die gesag van die Here Jesus vandaan om alles te doen wat Hy alreeds gedoen het, asook om hierdie groter dade te doen wat Hy nog sou doen? Die Here Jesus se antwoord is: Sy volmag kom van God die Vader af. Die Vader het dit aan Hom gegee. Hy en die Vader is perfek belyn. Hulle doen presies dieselfde dinge en werk na presies dieselfde doel toe. Dit is die Vader wat aan die Here Jesus die unieke verantwoordelikhede gegee het wat net God kan doen: om lewe uit die dood te bewerk en ook om te oordeel. Kan ek jou herinner aan Heb 1:3: "Hy (dit is: die Here Jesus) is die uitstraling van God se heerlikheid, en die ewebeeld van Sy wese." Ons lees die Here Jesus straal die heerlikheid van God uit, Hy is die ewebeeld van Sy wese. Dit beteken ons kan na die Here Jesus kyk en dan sien ons die heerlikheid van God, ons sien God se wese. En weet jy hoe word God se heerlikheid en Sy wese sigbaar in die Seun? In besonder deurdat die Here Jesus lewe uit die dood bewerk en deurdat Hy oordeel. Dit is as Hy hierdie twee unieke Goddelike handelinge uitvoer, dan word dit duidelik Hy is een in wese met God – Hy doen wat net God kan doen – dit beteken Hy moet God wees. Maar Hy doen dit in opdrag van Sy Vader en in harmonie met Sy Vader – daarom het die Vader nie Sy Godheid prys gegee toe Hy hierdie verantwoordelikhede aan die Seun gegee het nie – Die Vader is dus ook steeds God. Dus die Seun is God, en die Vader is God. Maar daar is net een God. Hulle is dus beide een God. En die Seun maak vir ons die wese van God sigbaar, deur te doen wat net God kan doen. Ek hoop dit is duidelik dat die leerstelling oor God as die Drie-Enige God is goed gefundeer. In hierdie gedeelte kry ons insig in die verhouding tussen die Vader en die Seun – Hulle is twee, maar een. Later sal Johannes ook nog oor die Heilige Gees skryf – dat Hy ook besondere verantwoordelikhede van die Vader en die Seun ontvang het, onder andere ook om lewe uit die dood te wek. En so leer ons God ken as die Drie-Enige God.

Dit mag wees dat die Jode gesukkel het om dit te verstaan. Dit mag selfs wees dat ons ook steeds sukkel om dit behoorlik te begryp. Maar dit is hoe dit is. En ons moet in verwondering staan.

<u>Die respons wat die Here Jesus waardig is (v23-24)</u>

Lees Joh 5:23-24. Die lering oor die Here Jesus se volmag het begin omdat die Jode Hom nie wou erken nie, trouens hulle wou Hom doodmaak. Natuurlik was hierdie reaksie van die Jode nie die gepaste reaksie op die Here Jesus se optrede tot op hede nie, en veral ook nie na die lering wat die Here Jesus nou gegee het nie. Dit laat die vraag ontstaan: Wat is dan wel die waardige respons op die lering van die Here Jesus oor Homself? Wel, die Here Jesus laat ons ook nie hieroor in die duister nie. Siende dat die Here Jesus self ook God is, siende dat Hy die Een is wat lewe uit die dood gaan bewerk en siende dat Hy die Een is wat gaan oordeel, is Hy sekerlik ook in die beste posisie om aan ons te verduidelik wat die waardige respons is wat ons behoort te toon noudat ons verstaan Wie aan Hom Sy volmag gegee het.

Die Here Jesus lig twee verantwoordelike response uit:

- V23: Die Seun moet geëer word, netsoos wat die Vader geëer word. Dit is tog net logies: As die Seun die ewebeeld van die wese van God is, as Hy die Een is wat dit aan ons kom bekend maak, as Hy doen presies wat die Vader doen, as Hy die volmag van die Vader ontvang het om al hierdie dinge te doen, dan is dit tog ook net logies dat Hy dan dieselfde eer moet ontvang as wat die Vader ontvang. Hulle werk tog aan dieselfde sake op pad na dieselfde einddoel toe in perfekte harmonie met mekaar – dan is Hulle tog ook dieselfde eer waardig. Immers is die Here Jesus God, soos wat die Vader God is. Kan ek jou daaraan herinner dat selfs die ongelowige Thomas na die opstanding van die Here Jesus, toe hy die Here Jesus van aangesig tot aangesig gesien het, teenoor die Here Jesus uitgeroep het: "My Here en my God" (Joh 20:28). Hy was toe ook oortuig die Here Jesus is Here en God. En daarom is die Here Jesus dieselfde eer as die Vader waardig.
- V24: Daar is 'n tweede respons wat net logies volg uit die Here Jesus se lering: As die Here Jesus is wie Hy sopas geleer het Hy is, dan is dit net logies dat ons na Hom moet luister. En ons moet die Vader glo wat die Here Jesus gestuur het. Siende dat die Here Jesus die Een is wat die wese van die Vader aan ons bekend maak, siende dat die Here Jesus die Een is wat die woorde van die Vader aan ons bekend maak, is dit tog net logies dat ons sal luister en glo wat die Here Jesus ons leer, siende dat dit presies in lyn is met wat die Vader ons wil leer.

Die twee logiese response op die feit dat die Here Jesus volmag van die Vader ontvang het om te doen wat net God kan doen, dit is om lewe uit die dood te wek en om te oordeel, is om Hom te eer, soos wat die Vader geëer moet word, en om te luister en te glo wat Hy en die Vader ons leer.

Daar is vandag steeds mense wat die historiese Jesus erken – m.a.w. hulle erken dat Jesus ongeveer 2000 jaar gelede geleef het, immers is die getuienis oorweldigend dat Hy fisies hier op aarde geleef het. Maar hulle siening oor Hom is beperk in die sin dat hulle Hom net erken as mens, ja, selfs as 'n baie goeie mens, maar net 'n mens. Dit beteken hulle verwerp hierdie lering van die Here Jesus dat Hy volmag van die Vader ontvang het om Goddelike verantwoordelikhede uit te voer – hulle luister dus nie na Hom nie, en gevolglik eer hulle Hom ook nie met dieselfde eer as wat God geëer word nie. Dit is ernstig. Hulle verwerp dus dat Hy lewe kan bring uit die dood, en ook dat Hy gaan oordeel. Hulle verwerping verander natuurlik niks aan wie die Here Jesus is nie – die gevolg is maar net dat hulle nie die lewe uit die dood sal ontvang nie, en dat Hy hulle eventueel gaan veroordeel. Dit is belangrik dat ons seker maak wat ons glo oor wie die Here Jesus is, en watter volmag Hy ontvang het om watter verantwoordelikhede na te kom.

<u>Die beloftes wat die Here Jesus maak (v24-25, 28-29)</u>

Ons het nou geleer wat die volmag van die Here Jesus is, van wie Hy dit ontvang het en ook hoe ons hierop behoort te reageer. Die Here Jesus gaan egter nog verder met Sy lering: Hy leer ons ook wat diegene kan verwag wat wel ter harte neem wat Hy geleer het en wat verantwoordelik daarop regeer. Hy maak drie beloftes aan hierdie mense:

- V24,25: Die eerste belofte is dat diegene wat na die Here Jesus luister en al hierdie dinge glo, die ewige lewe sal ontvang, dit beteken hulle sal uit die dood na die lewe oorgaan. Vers 25 sê die dooies sal lewe. Ek glo dit is duidelik dat die dood waarvan hier gepraat word, die geestelike dood is, m.a.w. die feit dat alle mense sedert Gen 3 van nature dood is in hulle sonde, en dat hulle niks anders kan verwag as om eventueel in die ewige dood te eindig nie. Maar as iemand na die Here Jesus luister en al hierdie dinge glo, sal hy uit die dood na die lewe oorgaan, hy sal geestelik lewe, hy sal ewig lewe. Let mooi op wat vers 25 sê: "Amen,

amen, Ek sê vir julle: Daar kom 'n tyd en dit is nou ...". Die tyd wanneer mense wat luister en glo na die lewe oorgaan, is reeds nou al. Gelowiges gaan nou alreeds oor van die dood na die lewe. Dit gebeur nie eers eendag nie, dit gebeur nie eers met die oordeelsdag nie – nee, dit gebeur nou al – sodra iemand luister en glo. Sodra iemand tot geloof kom, word hy geregverdig, en verander sy eindbestemming van die ewige dood na die ewige lewe.

- V24: Daar is 'n tweede belofte vir die wat luister en glo: Daar is vir hulle geen veroordeling nie. Ja, ons weet die Here Jesus vervul twee Goddelike verantwoordelikhede: Hy bewerk lewe uit die dood en Hy oordeel. As iemand luister en glo, skenk die Here Jesus nou al aan so 'n persoon die ewige lewe. Maar die gevolg van die feit dat die persoon nou al oorgaan na die lewe, het die gevolg dat wanneer die Here Jesus gaan oordeel, is daar geen kans dat hierdie persoon veroordeel gaan word nie. Ja, almal sal voor die regterstoel verskyn, ook die wat alreeds oorgegaan het na die lewe, maar hulle sal definitief nie op daardie dag veroordeel word nie – daar is geen kans dat hulle dan in die ewige dood gegooi sal word nie, hulle het immers "nou" alreeds die ewige lewe ontvang. Hierdie mense hoef dus nie met vrees en onsekerheid die oordeelsdag tegemoet te gaan nie.
- V28,29: Daar is 'n derde belofte vir die wat luister en glo. Hierdie belofte is 'n belofte wat nog tyd sal neem voordat dit vervul gaan word – let op vers 28 praat van daar kom 'n tyd. In vers 25 het ons gelees "daar kom 'n tyd, en dit is nou" – daardie belofte gaan dus nou alreeds in vervulling. Maar hierdie derde belofte sal vervul word wanneer "daardie tyd kom" – en daardie tyd is nie nou al nie, dit is nog in die toekoms. Verder is dit ook so dat hierdie derde belofte nie net inhoud het vir die wat glo nie, nee, hierdie belofte het inhoud vir almal. Vers 28 verwys na almal wat in die grafte is – d.w.s. almal wat teen daardie tyd fisies gesterf het, en wie se liggame begrawe is. Ons lees dat al hierdie afgestorwenes die stem van die Here Jesus sal hoor. Ons lees ook dat al hierdie afgestorwenes uit die grafte sal uitkom – m.a.w. al die mense se liggame sal op daardie dag opstaan. Hulle siele en hulle liggame sal herenig word. Maar dan volg daar 'n onderskeid tussen die wat goed gedoen het en die wat kwaad gedoen het. Dit verwys natuurlik na wat elke mens in hierdie lewe gedoen het voordat hulle gesterf het. Almal sal op staan, maar die wat goed gedoen het, sal opstaan om die lewe, die ewige lewe, tegemoet te gaan. En die wat kwaad gedoen het, sal opstaan om veroordeling tegemoet te gaan – en die veroordeling is natuurlik die veroordeling tot die ewige dood.

Opsommend: Die Here Jesus beloof aan diegene wat luister en glo, dat hulle nou alreeds die ewige lewe ontvang, dat hulle nou alreeds oorgaan van die dood na die lewe, en dat hulle geen veroordeling, selfs nie op die oordeelsdag, hoef te vrees nie. Nee, wat hulle op daardie dag kan verwag is dat hulle liggame ook sal opstaan en so sal hulle met siel en liggaam die ewige lewe tegemoet gaan. Diegene wat egter nie luister en glo nie, kan op daardie dag verwag om ook wel op te staan uit die graf, maat net om dan wel veroordeel te word en die ewige dood tegemoet te gaan.

Samevatting

Die Jode het beswaar gemaak omdat die Here Jesus Homself gelykgestel het met die Vader. Die Here Jesus verduidelik egter aan hulle dat Hy in 'n besondere en intieme verhouding met die Vader is – dit is 'n Vader-Seun verhouding wat op liefde gebaseer is. Gevolglik wys die Vader alles wat Hy doen aan die Seun, en Hy betrek die Seun by wat Hy doen. Die Seun, op Sy beurt, luister na wat die Vader vir Hom sê, en Hy gaan doen dit presies in harmonie met wat die Vader gedoen wil hê. Daarom kon die Here Jesus alreeds al die dinge doen wat Hy tot dusver gedoen het en wat die Jode so ontstel het. Hy kon dit doen, want Hy het die volmag of die gesag van die Vader ontvang om dit te doen. Maar Hy gaan nog groter dinge doen: Hy gaan lewe uit die dood bewerk (natuurlik deur Sy dood en

opstanding), en Hy gaan ook oordeel (natuurlik veral op die oordeelsdag). Hierdie dinge is dinge wat slegs God kan doen. Daarom beteken dit noodwendig Hy is God. Maar Hy doen dit in opdrag van die Vader, wat ook God is. Maar daar is net een God. Daarom is die logiese gevolg: Hy en die Vader is een – Hulle is een God.

Die gevolg hiervan is dat Hy dieselfde eer waardig is as wat die Vader waardig is. Boonop, behoort ons as mense na Hom te luister, en ons behoort te glo wat Hy en die Vader bekend maak. Diegene wat luister en glo, gaan nou al oor van die dood na die lewe. Hulle staar ook geen veroordeling meer in die gesig nie. En hulle kan uitsien dat hulle liggame met die wederkoms uit die graf sal opstaan – en so sal hulle dan die ewige lewe tegemoet gaan. Daarteenoor, diegene wat nie luister en glo nie, kan verwag om dan veroordeel te word en om die ewige dood tegemoet te gaan.

Al is hierdie lering van die Here Jesus so heerlik en diepgaande, is daar egter 'n beswaar wat die Jode sou kon inbring: Hierdie getuienis van die Here Jesus is Sy eie getuienis oor Homself. Die vraag is of dit getuienis is wat ons onwrikbaar kan glo. Selfgetuienis is tog as 'n reël nie voldoende nie. Tipies moet daar meer as een getuie wees – verkieslik twee of drie. Vanaf vers 31 spreek die Here Jesus hierdie moontlike beswaar aan deur aan te toon daar is baie meer getuienis as net Sy eie getuienis. Ek beplan om volgende week hierna te kyk.